STEFANUTTI & BRESSAN HOLDINGS BEPERK
("Stefanutti & Bressan" of "die maatskappy")
(Registrasienommer 1996/003767/06)
Aandeelkode: SFB ISIN: ZAE000101903

NAGEGANE GROEP TUSSENTYDSE RESULTATE
VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2007

Inkomste ↑ **26%**

Bedryfswins ↑ **45%**

VPA en WVPA ↑ **37%**

GROEPINKOMSTESTAAT

	Nagegaan 6 maande tot 31 Augustus 2007 R'000	Ongeouditeer 6 maande tot 31 Augustus 2006 R'000	Geouditeer 12 maande tot 28 Februarie 2007 R'000
Inkomste	**1 100 308**	871 639	1 688 652
Verdienste voor rente, belasting en waardevermindering	**91 192**	58 097	84 483
Depresiasie	**(13 350)**	(4 458)	(14 150)
Bedryfswins	**77 842**	53 639	70 333
Beleggingsinkomste	**12 862**	3 861	12 779
Finansieringskoste	**(9 713)**	(2 392)	(7 822)
Aandeel van winste uit geassosieerde maatskappy	**1 132**	–	–
Wins voor belasting	**82 123**	55 108	75 290
Belasting	**(24 840)**	(21 258)	(38 041)
Wins vir die tydperk	**57 283**	33 850	37 249
Toeskryfbaar aan:			
Ekwiteitshouers van die maatskappy	**55 311**	33 657	36 275
Minderheidsaandeelhouers	**1 972**	193	974
	57 283	33 850	37 249
Rekonsiliasie van wesensverdienste			
Wins na belasting toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die maatskappy	**55 311**	33 657	36 275
Wesensverdienste	**55 311**	33 657	36 275
Geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele	**130 634 200**	108 882 933	108 882 933
Verwaterde geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele	**135 970 022**	108 882 933	108 882 933
Verdienste per aandeel (sent)	**42,34**	30,91	33,32
Verwaterde verdienste per aandeel (sent)	**40,68**	30,91	33,32
Wesensverdienste per aandeel (sent)	**42,34**	30,91	33,32
Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent)	**40,68**	30,91	33,32
Wesensverdienste per aandeel uitgesonderd die koste van SEB-prestasierekord (sent)	**42,34**	30,91	60,87

GROEPKONTANTVLOEISTAAT

	Nagegaan 6 maande tot 31 Augustus 2007 R'000	Ongeouditeer 6 maande tot 31 Augustus 2006 R'000	Geouditeer 12 maande tot 28 Februarie 2007 R'000
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	**158 656**	39 501	93 428
Besteding om bedryfskapasiteit in stand te hou	**(86 894)**	(40 165)	(63 290)
Besteding vir uitbreiding	**(11 827)**	(5 022)	(5 022)
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	**(98 721)**	(45 187)	(68 312)
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite	**237 673**	30 140	79 199
Netto toename in kontant vir tydperk	**297 608**	24 454	104 315
Kontant aan begin van tydperk	**205 560**	101 245	101 245
Netto kontant aan einde van tydperk	**503 168**	125 699	205 560

GROEPBALANSSTAAT

	Nagegaan op 31 Augustus 2007 R'000	Ongeouditeer op 31 Augustus 2006 R'000	Geouditeer op 28 Februarie 2007 R'000
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom, masjinerie en toerusting	**260 895**	132 143	151 084
Ontasbare bates	**73 639**	59 091	59 091
Uitgestelde belasting	**5 047**	357	2 961
Bedryfsbates	**996 662**	447 894	573 319
Banksaldo's	**503 168**	126 883	217 518
Ander bedryfsbates	**493 494**	319 932	355 789
Belasting	**–**	1 079	12
Totale bates	**1 336 243**	639 485	786 455
EKWITEIT EN LASTE			
Gewone aandeelhouersbelang	**504 925**	195 928	213 473
Minderheidsaandeelhouersbelang	**4 182**	1 560	2 210
Totale ekwiteit	**509 107**	197 488	215 683
Nie-bedryfslaste	**87 732**	50 068	55 674
Ander finansiële laste	**63 542**	20 623	30 399
Uitgestelde belasting	**24 190**	29 445	25 275
Bedryfslaste	**739 404**	391 929	515 098
Bankoortrekking	**–**	1 184	11 958
Ander bedryfslaste	**499 134**	297 258	364 859
Voorsienings	**185 223**	69 046	112 268
Belasting	**55 047**	24 441	26 013
Totale ekwiteit en laste	**1 336 243**	639 485	786 455
Totale getal uitgereikte aandele	**139 380 867**	119 189 200	119 189 200
Netto batewaarde per aandeel (sent)	**362,26**	164,38	179,10
Netto tasbare batewaarde per aandeel (sent)	**309,43**	114,81	129,53

SEGMENTELE VERSLAGDOENING

Primêre segmente
31 Augustus 2007 (R'000)

	Gauteng	KwaZulu Natal	Wes-Kaap	Buite Suid-Afrika	Totaal
Totale bates	**990 994**	**223 288**	**12 710**	**109 251**	**1 336 243**
Totale laste	**506 760**	**201 396**	**17 079**	**101 901**	**827 136**
Inkomste	**719 091**	**248 986**	**24 192**	**108 039**	**1 100 308**
WNB voor minderhede	**40 913**	**14 062**	**(1 760)**	**4 068**	**57 283**
Waardevermindering	**9 889**	**895**	**287**	**2 279**	**13 350**

Sekondêre segmente
31 Augustus 2007 (R'000)

	Inkomste	Totale bates
Bou- en heipaalwerk	395 516	303 619
Siviele ingenieurswerk, grondwerke en mynbou	704 792	1 032 624
Totaal	1 100 308	1 336 243

VERKRYGING VAN ECMP

Verkrygingsdatum	3 April 2007
Stemdraende ekwiteit (%)	100
Koste van verkryging (R'000)	42 725
Getal uitgereikte aandele	–
Kontant betaal (R'000)	42 725
Wins na belasting sedert verkryging (R'000)	13 663

GROEPSTAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

	Uitgereikte kapitaal en premie R'000	Aandeelgebaseerde betalings R'000	Valuta-omrekenings-reserwe R'000	Herwaardasie-surplus R'000	Behoue verdienste R'000	Minderheids-aandeelhouersbelang R'000	Totaal R'000
Saldo op 1 Maart 2006 Geouditeer	121 234	–	–	2 778	33 430	2 011	159 453
Premie met uitreiking van gewone aandele	5 022	–	–	–	–	–	5 022
Waardedaling van grond en geboue	–	–	–	(193)	–	–	(193)
Verkryging van minderheidsbelang	–	–	–	–	–	(644)	(644)
Netto wins vir die tydperk	–	–	–	–	33 657	193	33 850
Saldo op 1 September 2006 Ongeouditeer	126 256	–	–	2 585	67 087	1 560	197 488
Premie met uitreiking van gewone aandele	60 000	–	–	–	–	–	60 000
Netto wins vir die tydperk	–	–	–	–	2 618	782	3 400
Aandeleteruggekoop	(8 311)	–	–	–	–	–	(8 311)
Herwaardasie van grond en geboue	–	–	–	986	–	103	1 089
Omrekening van buitelandse filiaal	–	–	(78)	–	–	(235)	(313)
Dividende betaal	–	–	–	–	(37 670)	–	(37 670)
Saldo op 1 Maart 2007 Geouditeer	177 945	–	(78)	3 571	32 035	2 210	215 683
Premie met uitreiking van gewone aandele	349 937	–	–	–	–	–	349 937
Min noteringsonkoste teen aandelepremierekening afgeskryf	(9 000)	–	–	–	–	–	(9 000)
Min kapitaaluitkering uit aandelepremierekening	(30 000)	–	–	–	–	–	(30 000)
Uitwerking van konsolidasie van die S&B Aandele-aansporingstrust	(61 850)	–	–	–	–	–	(61 850)
Aandeleopsies vir werknemers	–	2 054	–	–	–	–	2 054
Netto wins vir die tydperk	–	–	–	–	55 311	1 972	57 283
Dividende betaal	–	–	–	–	(15 000)	–	(15 000)
Saldo op 31 Augustus 2007 Nagegaan	**427 032**	**2 054**	**(78)**	**3 571**	**72 346**	**4 182**	**509 107**

bridging your expectations

KOMMENTAAR

Inleiding
Die direkteure bied met genoeë die eerste tussentydse finansiële resultate van die groep vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2007 ("die tussentydse tydperk") aan, wat winsgewendheid in ooreenstemming met voornoteringsvoorspellings en aansienlik hoër as die vorige vergelykende tydperk weerspieël.

Gedurende die tydperk is Stefanutti & Bressan op 3 Augustus 2007 met sukses op die hoofbord van die JSE genoteer. Die aandeel het teen 'n premie op die R12 per aandeel in die voornotering-privaatplasing begin verhandel, wat die maatskappy 'n markkapitalisasie by notering van R2,3 miljard gee.

Opstellingsgrondslag
Die nagegane gekonsolideerde tussentydse finansiële state vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2007 is ooreenkomstig Internasionale Rekeningkundige Standaarde (IRS 34: *Tussentydse Finansiële Verslagdoening*) opgestel. Die rekeningkundige beleid en metings- en erkenningsmetode wat by die opstelling van die gekonsolideerde tussentydse finansiële state toegepas word, stem ooreen met dié wat gebruik is in die groep se finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2007, wat aan Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde ("IFVS") voldoen.

Ouditeursmening
Die gekonsolideerde tussentydse finansiële state vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2007 is deur die maatskappy se ouditeure, Mazars Moores Rowland, nagegaan. Hulle ongewysigde nagaanmening is by die maatskappy se geregistreerde kantoor ter insae beskikbaar. Die vergelykende tussentydse finansiële inligting vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2006 is nie geouditeer of nagegaan nie.

Groepprofiel
Stefanutti & Bressan is in die hele Suider-Afrika bedrywig en sy kundigheid dek betonstrukture en -rehabilitasie, paaie en grondwerke, heipaalwerk en geotegniese dienste, die ontwerp, konstruksie en operasionele bestuur van myn oorskot stortings fasiliteite, oopgroef-kontrakmynbou en bouwerke. Sy projekspektrum behels nywerheids- en petrochemiese aanlegte, koeltorings vir kragstasies, myn-infrastruktuur, damme, paaie, brûe, water- en rioolsuiwering aanlegte, dorpsgebied-infrastruktuur en nywerheids-, handels- en geselekteerde residensiële geboue. Na onlangse verkrygings (sien "Gebeure na balansstaatdatum" hieronder) het hy sy diensaanbieding uitgebrei om kundigheid op die gebied van meganiese en elektriese konstruksie en marinekonstruksie in te sluit.

Bedryfsoorsig
Betonstrukture
Hierdie afdeling is goed geposisioneer om lewendige marktoestande te benut. Die vooruitsigte is goed, want 'n aantal groot kontrakte is onlangs toegeken. Daar word verwag dat verdere groot kontrakte in die nabye toekoms ontvang sal word.

Paaie- en Grondwerke en Mynbou
Paaie en Grondwerke het goed gepresteer gedurende die tydperk en omset vir die volgende jaar sal na verwagting toeneem as gevolg van 'n stygende vraag in dié sektor. Daar word verwag dat die Mynbou-afdeling se goeie prestasie sal voortduur as gevolg van lewendige toestande in die hulpbronsektor.

Heipaalwerk
Die Heipaalafdeling het goed gepresteer en die projekte wat bekom is, sal tot ver in die volgende finansiële tydperk voortduur.

Bouwerk
Hierdie afdeling se resultate het met die verwagtinge ooreengestem, met die uitsondering van twee residensiële woonstelkontrakte wat 'n negatiewe uitwerking op die afdeling se marges gehad het. Een van dié kontrakte is nou afgehandel en die ander een sal binnekort afgehandel word.

Vaardigheidsontwikkeling
'n Nuwe interne vaardigheidsopleidingskool word tans gevestig en opleiding sal na verwagting vroeg in 2008 begin. Die keuring van nuwe beursstudente vir 2008 is aan die gang en vorder goed.

Verkryging
Gedurende die tydperk het die maatskappy 100% van die aandeelhouding in Environmental, Civil and Mining Projects (Edms) Beperk ("ECMP") met ingang van 3 April 2007 vir R42,7 miljoen verkry. ECMP is 'n siviele-ingenieursmaatskappy wat spesialiseer in die ontwerp, konstruksie en operasionele bestuur van myn oorskot stortings fasiliteite.

Gebeure na balansstaatdatum
Soos op 19 September 2007 aangekondig, het Stefanutti & Bressan twee ooreenkomste aangegaan om meerderheidsbelange in Skelton & Plummer en Civil & Coastal Construction te verkry. Albei transaksies bly onderworpe aan sekere opskortende voorwaardes. Die voltooiingsdatum sal na verwagting vroeg in Desember 2007 wees. Hierdie verkryging stem ooreen met die groep se voornoteringsdoelstelling om sy diensaanbiedings uit te brei deur verder te diversifiseer tot in aanvullende konstruksie-nismarkte.

Finansiële resultate
Resultate vir die tydperk stem ooreen met voorspellings. Groepinkomste het met 26% tot R1,1 miljard (2006: R871,6 miljoen) toegeneem en bedryfswins het met 45% tot R77,8 miljoen (2006: R53,6 miljoen) toegeneem. Netto wins na belasting was 69% hoër, van R33,9 miljoen in die vorige vergelykende tydperk tot R57,3 miljoen. Wesensverdienste van R55,3 miljoen vir die tydperk het wesensverdienste per aandeel van 42,3 sent (2006: 30,9 sent) tot gevolg gehad.

Die groep se bedryfswinsmarge het met 14,5% van 6,2% tot 7,1% toegeneem.

Onkoste van R2 miljoen ten opsigte van die aandeelgebaseerde aansporingskema word in verdienste ingesluit, soos deur IFVS 2: *Aandeelgebaseerde Betalings* vereis.

Die kontantreserwes wat opgehoop is, sal organiese groei van huidige bedrywighede en toekomstige verkrygings moontlik maak.

Vooruitsigte
In die lig van lewendige marktoestande bly die vooruitsigte vir die groep positief en Stefanutti & Bressan is goed geposisioneer om munt te slaan uit die verwagte infrastruktuurbesteding deur die staat en semistaatsinstellings. Die groep is gereed om voordeel te trek uit beoogde opgraderings van vervoerinfrastruktuur, insluitende die konstruksie van nuwe paaie en opgraderings soos die Gautengse Deurpadverbeteringsprojek. Daar word ook verwag dat die vraag verder gedryf sal word deur Eskom se verbintenis om kragkapasiteit tot na 2020 uit te brei.

Die hulpbronsektor ondervind ook voortgesette uitbreiding. Petrochemiese en nywerheidsprojekte, wat tradisioneel Stefanutti & Bressan se sterkste marksektore was, ondervind goeie groei.

Die groep se bestelboek staan tans op R3,0 miljard.

In die lig van hierdie faktore en huidige prestasie is die direkteure vol vertroue dat resultate vir die volle jaar in ooreenstemming met voorspellings soos in die prospektus uiteengesit is, behaal sal word.

Dividendbeleid
Geen tussentydse dividend is vir die tydperk onder oorsig verklaar nie. 'n Einddividend sal nie voor die finansiële jaar eindigende Februarie 2009 verklaar word nie.

Dankbetuiging
Ons bedank ons werknemers vir hulle voortgesette lojaliteit, harde werk en verbintenis, wat op die suksesvolle notering van die groep op die JSE in Augustus vanjaar uitgeloop het en ook tot die sterk tussentydse prestasie wat in hierdie verslag uiteengesit word, gelei het. Ons bedank ook ons mededireksteure vir hulle wyse raad en ons ander belanghebbers vir hulle volgehoue vertroue in die groep.

Namens die direksie

Biagino Stefanutti
Uitvoerende Voorsitter

Willem Meyburgh
Hoof Uitvoerende Beampte

12 November 2007

Direkteure:
Biagino Stefanutti *(Uitvoerende Voorsitter)*; Willem Meyburgh *(Hoof Uitvoerende Beampte)*; Dermot Quinn> *(Finansiële Direkteur)*; Nomhle Canca*; Kevin Eborall*; Mafika Mkwanazi*; Lemane Bridgman Sithole*
(Plaasvervanger: Joseph Fizelle)
** Nie-uitvoerende direkteur*
> Iers

Geregistreerde kantoor:
MRM Financial Services (Edms) Beperk
MRM Office Park, Villageweg 10, Kloof, 3610
(Posbus 12394, Aston Manor, 1630)

Korporatiewe adviseur en borg:
Bridge Capital Advisors (Edms) Beperk
2de Verdieping, Frickerweg 27, Illovo Boulevard, Illovo, 2196
(Posbus 651010, Benmore, 2010)

Oordragsekretaris:
Computershare Investor Services 2004 (Edms) Beperk
Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001
(Posbus 61763, Marshalltown, 2107)

Maatskappysekretaris:
MRM Financial Services (Edms) Beperk
MRM Office Park, Villageweg 10, Kloof, 3610
(Posbus 12394, Aston Manor, 1630)

motiv